

**Dinsdag 15 Desember**

**Skrifgedeelte: Openbaring 4**

**Fokusgedeelte: Openbaring 4:1**

**Alle gesag en alle mag setel in die troon van God**

**G**od regeer oor sy kerk volgens die reëls van sy verbond. Die vraag kom by mens op: Waarom begin die Here sy openbaring oor die dinge in die hemel met hierdie gesig van die troon en die heerlijkheid van God?

Omdat die Here van die begin af duidelik maak dat alle mag en alle gesag in die hele skepping deur Hom van hierdie troon af beoefen word.

Daarom sien Johannes God sit op sy troon. Sit is juis die simbool van rustige magsuitoefening. Die Here veg nie vir oorlewing nie. Hy beheer alles sonder spanning en inspanning - so groot is sy krag en sy majesteit. Niks in die wêreld kan roer of beweeg sonder sy wil nie.

Die besondere band tussen die Here en sy kerk kom ook uit in dit wat Johannes sien. Dit lê in die woorde: "Om die troon was daar 'n reënboog met die glans van smarag" (Op. 4:3). Hierdie reënboog simboliseer die verbond wat God met sy kerk gesluit het. Dit verwys na Genesis 9:12-17.

Die liefde en trou van die Here oor ons wat opreg in Hom glo, sal dus onveranderlik bly bestaan tot in ewigheid. Sy heerskappy oor ons is dus nie in die teken van oordeel nie, maar in die teken van sy vergewende en reddende liefde.

*Sing: Psalm 145-1:1, 4*

*Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)*